higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

INLEIDING TOT REKENAARS
NKR-VLAK 2

17 November 2023

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 6 bladsye.


Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Binêre logika is die basis van elektroniese stelsels, soos rekenaars en selfone.✓ Dit werk op 0'e en 1'e.✓ Dit behels die optel, aftrek, vermenigvuldiging, deel van nulle en ene.✓ Dit sluit logikahekfunksies, EN, OF en NIE in wat invoerseine vertaal in spesifieke afvoer. ✓ (4)

1.2
- Beheerder ('controller')
- Proses/Toestel
- Sensor (3)

1.3




(10)

1.4 Prototipering is die proses om 'n werkende model saam te stel om verskillende aspekte van 'n ontwerp te toets.
TEENOOR
Ontplooiing is die proses om aansoekmetadata van 'n ontwerptydomgewing na 'n looptydomgewing oor te dra. (2 × 2) (4)

1.5 Primêre✓ en sekondêre✓ geheues (2)

1.6



(5)

1.7
- 'n Woord is 'n versameling van 16 bisse.
- 'n Halfgreep is 'n versameling van vier bisse. (2)

[30]

VRAAG 2

2.1
- ALU (rekenkundige en logikaeenheid)
- Beheereenheid
- Registers (3)

2.2 Verwerking is die manipulasie of hantering van data binne die rekenaar. (2)

2.3 Digitale visuele koppelvlak (1)

2.4

STELSELSAGTEWARE	TOEPASSINGSAGTEWARE
• Stelselsagteware is hoofsaaklik ontwerp om stelselhulpbronne te bestuur.	• Toepassingsagteware is ontwerp om take vir spesifieke doeleindes uit te voer.
• Programmering van stelselsagteware is ingewikkeld.	• Programmering van toepassingsagteware is relatief maklik.
• 'n Rekenaar kan nie sonder stelselsagteware werk nie.	• 'n Rekenaar kan maklik werk sonder toepassingsagteware.
• Stelselsagteware is nie afhanklik van toepassingsagteware nie.	• Toepassingsagteware hang af van stelselsagteware en kan nie sonder stelselsagteware loop nie
• Gewoonlik geskryf in 'n laevlaktaal.	• Skryf in 'n hoëvlaktaal.

(5 + 5) (10)

2.5 2.5.1 Die kabel word gebruik om die rekenaar aan die TV te koppel om die rekenaarbeeld op die TV-skerm te vertoon.

2.5.2 Hierdie kabel bestaan uit 15 drade georganiseer in drie rye van vyf penne elk.

2.5.3 Die een kant van hierdie kabel het gewoonlik 'n tipe A-aansluiting, maar die ander kant kan een van verskeie ander soorte verbindings hê.

(3 × 2) (6)

2.6
- Verhoog jou produktiwiteit.
- Verbind jou met die internet.
- Dit kan groot hoeveelhede inligting stoor en afval verminder.
- Help sorteer, organiseer en soek deur inligting.
- Dit help jou om te leer en op hoogte te bly. (Enige 3 × 1) (3)

[25]

VRAAG 3

3.1 Elektromagnetiese verenigbaarheid (1)

3.2
- Die omgewing moet rekenaarvriendelik wees.
- Die omgewing moet nie te vuil wees nie.
- Dit moet so na as moontlik aan 'n geskikte elektrisiteitstoevoer wees.
- Dit moet vry van statiese elektrisiteit wees.
- Beskerm teen stuwings. (Enige 4 × 1) (4)

3.3 Nutsbalk is 'n horisontale of vertikale blok knoppies en ikone wat in 'n program met 'n muis geklik word.
TEENOOR
Start-kieslys is die kiesstelsel wat direkte toegang bied tot dokumente wat onlangs oopgemaak is, rekenaarinstellings, geïnstalleerde programme, hulp, gunstelinginternetwebwerwe, en die Shut Down-kieslys. (2 × 2) (4)

3.4 Ontkoppel die sleutelbord van die agterkant van die rekenaar✓ en maak seker dat dit korrek terug in die rekenaar ingeprop is.✓ Die groen lig op die sleutelbord moet flits, wat beteken daar is 'n verbinding.✓ Toets die sleutelbord deur F1 te druk om voort te gaan.✓ (4)

3.5
- Papier
- Ink
- Geen krag nie
- Los kabel of prop (4)

3.6
- Klik op die Start-knoppie en kies Control Panel.
- Kies in die Control Panel Add of Remove Programs.
- Klik op Add New Programs om die toepassing te installeer.
- Jy sal twee opsies kry: om die program te installeer, sal beide jou deur die installasieproses lei. (Enige 3 × 1) (3)

3.7
- Kragstuwings: blaas rekenaarkomponente en brand dele van die bedrading op die moederbord. ✓
- Hittebeskermingsmaatreëls: verminder die hitte in die rekenaar deur hittebakke op jou SVE en ander verwerkingskyfies te plaas om dit af te koel. ✓✓
- Stofbeskermingsmaatreëls: plaas jou rekenaar op 'n plek met minder stof, bv. plaas jou toringrekenaar op die lessenaar in plaas van op die vloer. ✓
- Elektro-staties: beskadig die elektroniese komponente in jou rekenaar. ✓ (5)

[25]

VRAAG 4

4.1
4.1.1 Ctrl + C
4.1.2 Ctrl + V
4.1.3 Ctrl + X

(3 × 1) (3)

4.2
- Sigblaaie is nie veilig nie.
- Verslagdoening is moeilik.
- Visualisering van data is moeilik.
- Sigblaaie skep die moontlikheid vir foute.
- Sigblaaie is nie gebruikersvriendelik nie. (Enige 3 × 1) (2)

4.3
- Voorafbepaald is om vooraf in te stel of te definieer.
- Omslagtig is moeilik om te hanteer. (2)

4.4
- Som
- Gemiddeld
- Maks
- Min (3)

[10]

VRAAG 5

5.1
- Terug-knoppie – klik op hierdie knoppie om terug te gaan na die bladsy waarop jy voorheen was.
- Vorentoe-knoppie – klik op hierdie knoppie om terug te keer na die bladsy waarop jy was voordat jy die terug-knoppie gedruk het, of om van 'n bestaande bladsy na die volgende bladsy te beweeg.
- Herlaai/Verfris-knoppie – klik op hierdie knoppie om die bladsy wat jy tans besigtig, te herlaai.
- Stop-knoppie – klik op hierdie knoppie om die bladsy wat jy tans laai, te stop. (Enige 2 × 2) (4)

5.2 'n Identifikasie wat gebruik word deur 'n persoon met toegang tot 'n rekenaar, netwerk of aanlyn diens. (2)

5.3
- Klik op 'n teksskakel
- Klik op hyperskakel-grafiek
- Tik die URL van die webblad in die soekboks van jou webblaaier en die druk op die Enter- of Return-sleutel. (3)

5.4 Wanneer jy 'n boodskap aan 'n groot groep mense wil stuur (1)
[10]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou